

DIE SWART LUIPERD
No. 14.
Man sonder kop.
braam le roux

Vir die eerste maal het die Luiperdman nie raad nie. Donker wil mal word van angs en ingehoue vrees. Dit is asof hy instinktief weet dat hy en sy baas nie teen so'n oormag bestand kan wees nie. Maar dit is asof hy weet dat vlug nie sal help nie. Daar is vanaand 'n hele kordon van hierdie grys gestaltes wat gereed staan om op hulle af te storm..

Die Luiperdman sien hoe 'n hele swerm van die wolwe aan die oorkant van die meer saamdrom en na hom gluur.

Die volgende oomblik storm 'n hele paar van hulle die water in, reg op die Luiperdman en sy perd af.





## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Beweeglike Diermens | 3 |
| 2. | Onheil uit die Ooste | 9 |
| 3. | Aanbidders van die Son | 19 |
| 4. | Skreeuende Monsters | 28 |
| 5. | Dood by die Water | 37 |
| 6. | Geel Slagtande | 46 |
| 7. | Die Skemer Bring Skimme | 54 |
| 8. | Dans van die Dood | 63 |
| 9. | Poort tot die Hel | 72 |
| 10. | Stem uit die Yster | 80 |
| 11. | Siedaar! Die Koplose | 90 |


Hoofstuk 1

# BEWEEGLIKE DIERMENS

Hy kan dit nie meer lank uithou nie. Die hitte is ondraaglik. En die dors! Sy keel is droog; sy lippe warm en pynlik agter die masker. Telkens lek hy daaroor met 'n tong wat voel asof dit uit sy mond peul.

Leon Fouché, alias die Swart Luiperd, kyk vlugtig om hom heen. Die see van sand en duine waarop die sonstrale bewend tril, lê in oneindigheid voor hom uitgestrek.

Sy oë brand agter die masker.

Donker, sy swart perd, staan so 'n endjie van hom af; die gespierde nek kan die kop nie meer hou nie. So taai soos die dier hom die afgelope aantal dae gehou het, begin die versengende hitte en die verskriklike dors nou ook hulle spore op hom nalaat.

As daar net water naby was; maar waar in hierdie onmeetlikheid sal mens dit aantref?

Uitgeput sak die Swart Luiperd op die warm sand neer. Netnou het hy sy luiperdmasker afgehaal en sy donker hare was saamgekoek vanweë die sweet en die stof van vanoggend en die vorige dae. Maar die ligte windjie wat skroeiend oor die sandwêreld gedraal het, het hom laat besluit om die masker weer op te sit. Dit verhoed tog dat die fyn stof, sand en korrels in sy oë waai.

En dan, met sy luiperdmasker op, voel Leon Fouché altyd meer seker van sy eie krag, voel hy meer seker oor die dinge wat in die onbekende op hom wag. Vandat hy etlike jare gelede hierdie swerwersbestaan van hom gevolg het, het hy onwrikbaar geglo dat wanneer sy masker op is, sy pyl en boog agter sy rug, en sy perd, Donker, en sy twee luiperds, Spikkels en Simson, byderhand, hy enige gevaar die hoof kan bied, enige ontbering kan trotseer.

Oral in Afrika ken hulle hom al, Leon Fouché, die Luiperdman, wat baie skurke en moordenaars al laat les opsê het. Oral waar hy gaan, is sy twee luiperds, Spikkels en

**Simson, by hom, en sy perd, Donker, met sy uithouvermoë, sy taaiheid, sy getrouheid.**

Waar daar avontuur wag, daar is Leon Fouché en sy dieremakkers. Nie verniet dat hy onder die inboorlinge van die uitgestrekte vasteland, met al sy duistere geheime en verrassings, bekend staan as die Beweeglike Diermens nie.

Vandag is hy hier, môre daar, en so is die lewe nimmerrustend, polsend binne-in hom.

Dit is avontuur wat hom andermaal hier in die woestyn ingedryf het. En watter wêrelddele het hy nie al aangedurf nie! Hy is tuis in die water, tussen die bome, op die mere en. . . nou in die woestyn. Maar dit is die eerste keer dat hy die onmeetlikheid, die harde wreedheid van die Sahara-woestyn aandurf.

'n Week gelede het hy en sy diere die bosse agtergelaat, lowergroen bosse, waar water volop was en waar hulle onder skaduryke bome teen die moordende sonstrale kon skuil.

Wat jaag die Swart Luiperd voort na hierdie onherbergsame, onsimpatieke oord?

Leon se oë is dof agter sy luiperdmasker. Sy twee tiers se mooi velle is vaal van die stof en Simson staar hom aan asof hy hom verwyte toeslinger, asof hy vra:

,,Waar die drommel is die stad onder die sand—die verlore stad onder hierdie nimmereindigende duinewêreld, waarna jy soek?"

Ja, dit is wat die Luiperdman andermaal 'n ander onbekende, onontdekte oord, laat binnetrek het. . .

Hy is op soek na die geheim van Zerzura.

Die man met die maer, beenderige gesig het van die ruïnestad, toegedek met die sand van eeue hier in die Sahara, soos 'n ylende gepraat. Hy, dokter Bronkhorst Minnaar, het met iets soos 'n kranksinnige lig in sy oë, van Zerzura gepraat.

Maar niemand wou hom glo nie. Hulle het gedink dat hy kranksinnig is. Bronkhorst Minnaar is na 'n gestig gestuur nadat hy aanhoudend gepraat het van Gorilla-manne, van reuse-voëls met rooi oë, van wrede Boesmans en van die Man, die koning



van Zerzura, die man sonder kop.

Dit moes die mense laat dink het dat Minnaar drogbeelde sien, dinge wat alleen kan bestaan in die verwronge brein van 'n waansinnige; dit kon vir hulle alleen beelde wees wat voortvloei uit die geteisterde gees van 'n malle.

Maar Leon Fouché, die Swart Luiperd, het nie geglo dat Bronkhorst Minnaar kranksinnig is nie. Nee, meer as dit. Hy het geweet dat die beenderige man nie van waanbeelde praat nie. Leon Fouché het bewyse gehad dat daar iets soos die Stad onder die duine bestaan. Hy het geweet dat Zerzura hier êrens verlore in die duinewêreld bestaan. Die Swart Luiperd het geweet dat die Gorilla-manne bestaan, en al die verskriklikhede waarvan Bronkhorst voortdurend ge-yl het. . .

Daar is 'n Man sonder Kop wat verskrikking saai onder 'n primitiewe, verlore ras in die hart van die dorre, onherbergsame woestyn.

En die Swart Luiperd weet min of meer waar die Stad van die Man sonder Kop geleë is. Die Luiperdman het foto's gesien van die Gorilla-mense en die Man sonder Kop. Hierdie foto's is deur die oënskynlik kranksinnige Bronkhorst Minnaar self geneem. Bronkhorst het 'n rowwe kaart geteken van die duinestad, omring deur damme, mere, waterstrome en groen bome, in die hartjie van die Sahara. Hierdie kaart en foto's het Bronkhorst Minnaar aan die Luiperdman oorhandig voordat hy in die hospitaal oorlede is as gevolg van geestespanning, vanweë die afgryslike drome wat hom nag na nag wakker gehou het.

Hier in die hitte van die woestyn op die warm sand, wat, sodra die woestynwind soos 'n onsigbare monster aangehuil kom oor die onmeetlikheid, stadig beweeg, so stadig en langsaam, maar onverbiddellik soos die kruipende dood hier in die waterlose Sahara, sien die Swart Luiperd die geleerde weer duidelik voor sy geestesoog.

,,Belowe dit in belang van die wetenskap, Luiperdman, dat jy sal gaan soek na Zerzura, na die Oase-stad. Daar is juwele, robyne, 'n wêreld van rykdom wat op jou wag as jy in so 'n onderneming slaag. Ek wou hierdie kaart en foto's aan niemand

toon nie. Ek kan niemand vertrou nie, behalwe vir jou wat die wêreld ken, wat al snaakse dinge beleef het, dinge in jou omswerwinge ervaar het wat niemand sal glo as jy dit aan hulle vertel nie. So is die mense sonder visie, Luiperdman. Alles wat nie normaal lyk nie, wat uit 'n wêreld buite hul wete kom, word nie geglo nie, word bestempel as verbeeldingsvlugte uit die brein van 'n sieke. Maar Zerzura bestaan, die Gorilla-manne bestaan, die smaragde het ek in die palm van my hand gehad, maar die Boesmanhelpers wat my bygestaan het om uit die heiligdomme van die Man sonder Kop, te ontsnap, het my beroof. Maar ek was nie spyt daaroor nie, Luiperdman, want dit is nie wat ek bo alles begeer het nie. Wat ek wil hê is die wetenskaplike bewyse dat Zerzura nie 'n mirage is nie, nie 'n leë droom nie, nie 'n verbeeldingsvlug nie; dat die Gorilla-mense leef in die hart van die Sahara leef, dat die Man met die af-kop hul regeer. Ek wou al hierdie oënskynlik fantastiese dinge aan die dom mensdom bewys maar ek het nie daarin geslaag nie. Ek beroep my dus vir oulaas nog op jou, Luiperdman, jy het die durf, die visie, die verbeeldingskrag, die deursettingsvermoë en die krag om hierdie onderneming aan te pak. Daar wag gevare vir jou. Daar is die ongenade, meedoënloosheid van die wreedste woestyn; daar is die sluiptred van die Boesmans van die Duine; die lis van die swerwer-Arabiere met hulle boogdolke; daar is die honger luiperd en die stinkende, grootkop hiëna, daar is die bruutheid van die Gorilla-mense met wie jy te doen sal hê. Dan is daar die massiewe krag van die Koning van Zerzura, die Man sonder Kop, teen wie jy kragte en vernuf sal moet meet. Daar is nog die verskriklikheid van die vuurpoel waarin indringers gewerp word, waarteen ek jou waarsku, Luiperdman. Maar jy weet hoe om doodsgevare die hoof te bied. Hier is die kaart en hier die foto's; doen wat jy kan. Gaan na Zerzura!"

'n Paar uur na hierdie gesprek was Bronkhorst Minnaar dood en byna het sy geheim saam met hom gesterf.

Die Swart Luiperd het geglo aan die bestaan van al hierdie dinge, want hy wis dat daar dinge bestaan wat vir die gewone mens na iets uit 'n vreesdroom sal lyk wanneer hulle van aangesig



tot aangesig daarmee kennis maak.

Die Swart Luiperd rol om in die warm sand—die woestynwind waai soel en lui laag oor die duine; dit voel asof sy liggaam uitdor. Simson gee iets soos 'n knaende kreun en hy staar steeds met 'n soort verwyt na sy tweebeenmaat.

Nadat Minnaar gesterf het, het Leon lank oor alles nagedink en toe het hy die bosse ingeswerf. Stadig het hy per trein, per motor en toe te perd en te voet deur die hart van Afrika getrek. Die bevriende inboorlinge het hom bygestaan. Hy is Kenia deur, deur die bosryke verblyf van sy Pigmeëvriende.

Maar die woestyn in wou niemand hom volg nie. 'n Week gelede het hy die bosse verlaat, vaarwel gesê aan die waterstrome. In die noorde het hy die vaal, doodse bergruggens opgemerk—dit het gelyk soos 'n dooie wêreld wat hy verder noordwaarts alleen sou moes betree. . .

Maar hy het nie geaarsel nie!

Die dors is verskriklik. Dit is die eerste vyand wat hy teenkom. Niemand kan teen so-iets veg nie. Nie die sterkste man nie—nie sy diere nie!

Agter sy rug is daar vlymskerpe gifpyle, en pyle sonder gif; daar is 'n blink geslypte mes in die skede aan sy regtersy maar daarmee kan hy nie die onsigbare vyand, die dors, bykom nie.

Die Luiperdman het in die beskawing 'n ekspedisie op die been probeer bring om saam met hom hierdie avontuurtog, hierdie ondekkingsreis mee te maak, maar geleerdes of manne met geld was nie daarvoor te vinde nie. Die Luiperdman se onwrikbare wil het hom nie hierdeur van stryk laat bring nie. Selfs Sonet, die jong meisie met die swart hare en die bruin oë, het hom afgeraai om te kom.

Ook sy het gedink dat hy 'n dwaas is.

,,Jy gaan agter 'n blote lugspieëling aan, Leon. Bly liewers."

Maar hy het nie, en hier lê hy nou op die warm sand, met die droë vingers van die dood wat aan sy strot gryp!

Die Luiperdman strompel orent.

Hy sukkel oor die duine 'n end verder. Hy hou sy hand oor sy oë om die verblindende lig van die sidderende sonstrale uit sy

kykers te hou.

Spikkels en Simson kom traag agterna en die hongerknae laat hulle 'n paar kort brulletjies los.

Verlate en doods en uittartend lê die sandsee voor die Luiperdman.

En dan val hy opeens plat, byna instinktief soos 'n dier wat gevaar ruik of bespeur.

'n Endjie van hom af, agter 'n Stapelia—'n boom wat hier in die woestyn soos 'n hurkende mens vertoon—was daar 'n beweging. Eers was dit asof dit die Stapelia is wat beweeg het.

Met brandende oë kyk die Luiperdman na die woestynboom.

Flou gebied hy na agter:

,,Plat, Donker!"

Asof hy dood neerslaan, rol die perd op die warm sand neer en lê stil.

Spikkels en Simson het daardie beweging agter die skrale Stapelia ook reeds bespeur. Stertkwispelend lê hulle vlak agter hulle tweebeenmaat.

Die Luiperdman se pyl en boog is in 'n oogwink in sy hande.

Opeens beweeg iets andermaal agter die woestynboom—geel soos die duine is 'n figuur 'n oomblik sigbaar, en die volgende oomblik val 'n pyl klappend in die warm sand voor die Luiperdman neer. Dit is 'n kort pyltjie.

Dadelik herken Leon daardie pyltjie.

Dit behoort aan die gevreesde Duin-mensies, die Boesmans van die Woestyn.

Opeens volg 'n kreet links van Leon, en dan sien hy hoe twee bruin gestaltes soos geeste wat uit die warm sand opkruip, opspring en met gespanne boë na hom mik.



## Hoofstuk 2

# ONHEIL UIT DIE OOSTE

Die Luiperdman besef dat hy blitsiger as ooit tevore sal moet optree. Hierdie bruinmensies skiet selde mis en gewoonlik is hulle pyle voor geverf met dodelike gif.

In daardie oomblik het Simson en Spikkels soos blits opgespring en soos gespikkelde skimme agter 'n duin, 'n paar treë van hulle af, verdwyn. Donker het so roerloos stil gelê dat die barbaarse Boesmans waarskynlik aangeneem het dat hy dood is. Die twee bruin gestaltes wat agter die sand opgekruip het, geen dertig tree van die Luiperdman af nie, het hul klein ogies ook nie op Donker gerig nie maar op die Swart Luiperd.

In 'n angsvolle oomblik het Leon opgemerk dat hulle deur die skielike gegrom en beweging van die gespikkelde diere van stryk gebring is. Ook die Boesman wat agter die Stapelia opgedoem en vlugvoetig nader gestorm het, het vinnig terug gestaan toe die twee tiers skielik opspring. Hierdie reaksie van sy diermaats het Leon se lewe miskien in 'n gedeelte van 'n oomblik gered van 'n gewisse dood.

Net voordat twee pyle aangesing kom na die Swart Luiperd, rol hy soos blits agteruit. Hy skop sand in die lug en vir die Boesmans wil dit amper voorkom of 'n tuitvormige warrelwind skielik om en onder Leon uit die sand opgespring het om hom vir hulle oë te bedek. Vir die een die verste van die Luiperdman af, was dit weliswaar 'n snaakse skouspel, byna onbegryplik vir sy primitiewe, bygelowige brein. Die een oomblik het hy die Swart Luiperd duidelik gesien maar die ander oomblik het 'n sandwolk hom as 't ware ingesluk.

Die pyle van die twee bruinmensies digby Leon tref nie. Hulle val kort en in die oomblik dat die Swart Luiperd wegrol van die plek af waar hy so flussies half-verskuil vir die twee naaste Boesmans gelê het, het 'n pyl sy boog verlaat en tussen die twee Boesmans deurgeseil. Onmiddellik sien die twee dit raak. Hulle het enige ding van hierdie snaakse ding verwag wat hier op die

duine saam met luiperds en 'n donker perd lê, maar hulle het nie verwag dat hy pyle hanteer nie, net soos die Boesmans! In hierdie uitgestrekte sandvlaktes is die geel Boesmans die enigste wesens wat met pyle en boë gewapen is. Die swerwende Arabiere gebruik krom sabels, dolke en goeters. En ander tweebeniges wat dit hier in die hart van die woestyn inwaag, skiet met goed wat vuur spuug en bulder. Dit is iets wat hulle nou verwag het maar hier val nou 'n pyl tussen hulle, 'n pyl wat uit die rigting van die mens gekom het wat hulle so flussies van vér af gesien en toe bekruip het. Hulle het hom van vér af sien loop maar was nog nie naby genoeg om te sien of sy gesig wit, swart of bruin is nie. Sou dit maar een van hulle wees, sou hierdie mens wat op twee bene loop en baie langer as hulle is, van hulle soort wees? Nee, dit is onmoontlik!

Hierdie gedagtes wat vinnig deur hul primitiewe brein geskiet het, het hul bewegings vir oomblikke vertraag; en hierdie oomblikke van weifeling het Leon in staat gestel om vinnig op te spring en agter 'n Abba-boom in te duik.

Die Swart Luiperd weet dat hierdie mensies van die woestyn domastrant is, en dapper. Vir dinge wat hulle hier in hulle gebied teenkom het hulle geen greintjie vrees nie. Hy weet nou ook dat daar iets is wat hulle verhoed om in hierdie warm oggend in die woestyn vinnig en dodelik op te tree.

Leon rol dus vinnig agter die Abba-boom in. Hy sit half op sy hurke, en daar is reeds weer 'n pyl in sy boog en die snaar span tot breekpunt.

Hy sien hoe die twee geel gestaltes wat so flussies agter 'n duin opgeduik het, weer haastig plat val agter 'n hopie woestynsand wat teen 'n paar los sandrotse aangehoop het.

Die Swart Luiperd is egter te vinnig vir een van hulle. Die pyl het sy boog hierdie keer gonsend verlaat, 'n gegons wat deur die Boesmans gehoor is, en wat in hierdie hitte en die roerlose, drukkende stilte onheilspellend geklink het.

Nog voordat een van die geel liggame agter die hopie sand verdwyn, klap die pyl uit Leon se boog in sy regtersy. Die geel gedaante uiter geen geluid nie. Hy val asof 'n weerligstraal hom



uit die wolklose gewelf getref het en hy maak met 'n klapgeluid met die aarde kennis.

Met vingers en hande wat so blitssnel beweeg dat daardie bewegings skaars opgemerk kan word, word weer 'n pyl uit die koker agter die Luiperdman se rug geruk. Van die twee Boesmans is daar nou niks meer te sien nie. Leon weet dat een van hulle binne enkele sekondes dood sal wees. Daardie skoot was raak en die pylpunt is besmeer met die Swart Luiperd se dodelike gif.

Vinnig wend hy dus sy blik na die plek daar by die eensame Stapelia, waar die eerste Boesman op hom begin lostrek het. Weer sien die Luiperdman net 'n geel streep. Hy weet dat daardie Besman nou instinktief voel dat hy met iets te doen het wat nie sommer halsoorkop bestorm kan word nie. By hierdie mensies se reaksies is daar nooit vinnige dinkwerk nie. Soos diere weet hulle gewoonlik onmiddellik en instinkmatig as hulle met iets te doen het wat groot gevaar vir hulle inhou.

In die daaropvolgende paar sekondes is daar geen beweging so vér as wat die oog hier op die wye woestynvlaktes kan sien nie. Dit is net die trillende lugspieëling op die horison wat Leon se oë byna verblind. 'n Paar bome en Stapelia staan versprei oor die dooie landskap; enkele hoërige rotse is op die gesigseinder te bespeur. . . maar verder is daar niks. . . niks wat beweeg nie; ook geen lewe in die grysvaal lug bokant Leon nie.

Die Luiperdman hoor net die opwindende geklop van sy hart teen sy ribbes, sy eie asemhaling. Selfs van sy diere is daar niks te sien nie. Donker lê agter 'n duinronding, buite Leon se gesigsveld. Dit lyk of die twee tiers opgeslurp is deur die woestyn. Die gestalte van die Boesman by die Stapelia vorm een massa met die stam van die woestynboom.

Die wêreld is morsdood om Leon. Dit is nie net dat niks op hierdie duinrondings beweeg nie, maar niks haal asem nie, niks behalwe die Luiperdman. Daar is nie eens 'n woestynluggie wat trek nie. Die Swart Luiperd kan hom byna verbeel dat die siddering van die lugspieëlings 'n geluid maak, 'n geluid soos 'n singende ketel, soos iets wat stoom afblaas.